SimpleStudy®

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2012

# EKONOMIE

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

*ECONA*

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae as volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND.

   AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae van die vyf vrae.

   AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae van die vier vrae.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae deeglik en begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg en inhoud van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

## AFDELING A (Verpligtend)

### VRAAG 1 (LU1 – LU4)

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die hoeveelheid van hierdie produksiefaktor kan nie verhoog word nie.

A Grond
B Arbeid
C Kapitaal (2)

1.1.2 Om basiese pryse na markpryse om te skakel, moet belastings op produkte … word.

A afgetrek
B vermenigvuldig
C bygetel (2)

1.1.3 In 'n mark ekonomie word alle probleme deur die … opgelos.

A regering
B produsente
C markmeganisme (2)

1.1.4 'n Afname in die vraag word voorgestel deur die skuif van die vraagkurwe na …

A regs.
B links.
C bo. (2)

1.1.5 Die banksektor in Suid-Afrika is 'n voorbeeld van 'n … mark.

A oligopolie
B monopolie
C volmaakte (2)

1.1.6 Verwys na al die bevrediging verkry uit die verbruik van 'n gegewe hoeveelheid van die goedere.

A Totale nut
B Grensnut
C Gemiddelde nut (2)

1.1.7 Hierdie soort belasting word gehef op verdienste verkry uit die verkoop van goedere soos eiendom en aandele.

A Inkomstebelasting
B Belasting op toegevoegde waarde
C Kapitaalwinsbelasting (2)

1.1.8 ŉ Toename in die rentekoers sal lenings… maak.

A minder duur
B nog duurder
C baie goedkoper (2)

1.1.9 Hierdie kaarte word deur banke, aan daardie klante wat deposito-geld saldo's in hulle rekening hou, uitgereik.

A Krediet
B Debiet
C Verbruikers (2)

1.1.10 Meerderheid van arm mense woon in … gebiede.

A stedelike
B semi-stedelike
C plattelandse (2)

1.1.11 Die liberalisasie van handel begin na die stigting van …

A WHO.
B GATT.
C IMF. (2)

1.1.12 Die fisiese omgewing en toestande wat mense se lewens beïnvloed, word na verwys as …

A omgewing.
B ekonomie.
C globalisering. (2)

1.2 Kies die woord uit die volgende LYS wat die beste by die gegewe stellings pas. Skryf slegs die korrekte woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Arbeidsmag; Rykdom; Relatiewe prys; WHO; Per capita inkome; IMF; Entrepreneur |

1.2.1 Ook bekend as ekonomiese aktiewe bevolking. (2)

1.2.2 Die prys van een goed uitgedruk in terme van ŉ ander. (2)

1.2.3 Reële BNI gedeel deur die bevolkingsgetal. (2)

1.2.4 Sentrale organisasie vir die neerlê van reëls oor hoe internasionale handel behoort plaas te vind. (2)

1.2.5 Die waarde van die bates van ŉ persoon of huishouding op ŉ bepaalde tydstip. (2)

1.3 Kies ŉ omskrywing uit KOLOM B wat pas by ŉ begrip in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A – J) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Natuurlike hulpbronne | A | ŉ Enkele verkoper met geen nabye substitute |
| 1.3.2 | Finale verbruiks-besteding | B | Bevrediging verkry deur die verbruik van ŉ artikel |
| 1.3.3 | Monopolie | C | ŉ Voorbeeld van regeringsinmenging om armoede te verlaag |
| 1.3.4 | Nut | D | Ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele bied vir myne, vervaardiging en ander besighede |
| 1.3.5 | ROI | E | Gawes uit die natuur |
| 1.3.6 | Ekonomiese groei | F | Het kwessies soos aardverwarming en besoedeling aangespreek |
| 1.3.7 | Ongeskiktheids-toelae | G | Totale besteding van verbruikers en nie-winsgewende instellings |
| 1.3.8 | Kyoto-protokol | H | Beleide en ooreenkomste vir volhoubare ontwikkeling |
| | | I | Toename in produksievermoë |
| | | J | Verbeter die kwaliteit van produksie |

(8 x 2) (16)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B** (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.)

**VRAAG 2 (LU1) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

2.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 As ŉ land se kapitaal toeneem teen dieselfde koers as die toename in die arbeidsmag, staan dit bekend as kapitaal-(verbreding/verdieping). (2)

2.1.2 Goedere en dienste wat nie gebruik word as insette deur ander ondernemings nie, word (intermediêre/finale) goedere genoem. (2)

2.1.3 Daar is geen privaatbesit in ŉ (mark/beplande) ekonomie nie. (2)

2.1.4 Die nywerhede in die primêre sektor staan ook bekend as (ekstraktiewe/produktiewe) nywerhede. (2)

2.2 Noem enige DRIE kenmerke van arbeid as ŉ produksiefaktor. (3 x 2) (6)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE MAANDELIKSE UITVOER- EN INVOERSYFERS**

| **WÊRELDSONES** | **UITVOER** | | | **INVOER** | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **MAART 2011** | **APRIL 2011** | | **MAART 2011** | **APRIL 2011** |
| | **Rm** | **Rm** | | **Rm** | **Rm** |
| AFRIKA | 9 507,2 | 7 900,6 | | 3 461,1 | 4 531,4 |
| EUROPA | 14 685,6 | 14 205,6 | | 23 627,9 | 17 414,2 |
| AMERIKA | 6 965,4 | 6 057,4 | | 7 758,0 | 7 204,6 |
| ASIË | 22 054,6 | 18 155,6 | | 23 317,7 | 24 078,6 |
| OSEANIË | 690,7 | 638,8 | | 995,2 | 776,0 |
| | | | | | |

[Aangepas uit www.sars.co.za]

2.3.1 Definieer die begrip '*uitvoer*'. (2)

2.3.2 Watter wêreldsone, volgens bogenoemde tabel, is Suid-Afrika se grootste handelsvennoot? (2)

2.3.3 Gee die letter wat 'invoere' voorstel. (2)

2.3.4 Verduidelik BBP (E) kortliks. (4)

2.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die ekonomiese infrastruktuur van ŉ land is die ruggraat van sy nywerheidsontwikkeling en bestaan uit alle strukture en stelsels wat ekonomiese aktiwiteit fasiliteer. Stygende vlakke van investering in infrastruktuur word vereis om mededingend te bly en buitelandse investering te lok. Die gladde werking van die produksie en verspreidingsprosesse van ŉ land hang grootliks af van die bestaan van ŉ behoorlike infrastruktuur.

[Aangepas uit www.finforum.co.za]

2.4.1 Definieer die begrip '*infrastruktuur*' volgens die uittreksel. (2)

2.4.2 Noem TWEE redes waarom ŉ land sy vlakke van investering in infrastruktuur moet verhoog. (4)

2.4.3 Noem enige TWEE bronne van hernieubare energie. (4)

2.5 Verduidelik 'motivering' en 'eienaarskap' kortliks as eienskappe van ŉ gemengde ekonomie. (8)

2.6 Verduidelik 'bydrae tot BBP' kortliks, as ŉ belangrikheid van die primêre sektor. (8)

**[50]**

**VRAAG 3 (LU2) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

3.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 ʼn (Ekonomiese/Normale) wins beteken dat die onderneming meer wins verdien as wat dit elders kan verdien. (2)

3.1.2 ʼn (Volmaakte/Monopolie) mark bestaan waar daar slegs een verkoper is en geen naby substitute nie. (2)


3.1.3 Die verandering in die prys van een produk lei tot ʼn direkte verandering in die vraag na ʼn ander produk – dit beteken dat die twee produkte (komplimente/substitute) is. (2)

3.1.4 Wanneer TI groter is as TK, sal die onderneming ʼn (wins/verlies) maak. (2)

3.2 Noem die DRIE onvolmaakte markstrukture. (3 x 2) (6)

3.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Benoem die graad van elastisiteit van aanbod in bogenoemde grafiek. (2)

3.3.2 Definieer die begrip '*elastisiteit van aanbod*'. (2)

3.3.3 Noem TWEE faktore wat die graad van elastisiteit van aanbod bepaal. (4)

3.3.4 Gee die formule om elastisiteit van aanbod te bereken. (2)

3.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| **Koste en Inkome skedule** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Hoeveel-heid** | **Totale Koste (R)** | **Gemiddelde Koste (R)** | **Grenskoste (R)** | **Totale Inkome (R)** | **Gemiddelde Inkome (R)** | **Grens-inkome (R)** |
| 1 | 10 | 10 | 10 | 14 | 14 | 14 |
| 2 | 18 | 9 | 8 | 24 | 12 | 10 |
| 3 | 24 | 8 | 6 | 30 | 10 | 6 |
| 4 | 32 | **A** | 8 | 32 | 8 | 2 |
| 5 | 42 | 8,4 | 10 | 30 | 6 | **B** |

3.4.1 Definieer die begrip '*Grenskoste*'. (2)

3.4.2 By watter punt bereik die onderneming winsmaksimalisasie? (2)

3.4.3 Bereken Gemiddelde Koste '**A**'. (3)

3.4.4 Bereken Grensinkome '**B**'. (3)

3.5 Onderskei tussen 'korttermyn' en 'langtermyn' kostes. (8)

3.6 Verduidelik 'substitute' en 'noodsaaklikheid' kortliks as faktore wat elastisiteit van vraag bepaal. (8)

**[50]**

## VRAAG 4 (LU3) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

4.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Hoe groter die toename in produktiwiteit hoe (hoër/laer) is die ekonomiese groeikoers. (2)

4.1.2 Geld wat by 'n bank gedeponeer is en wat sonder kennis onttrek kan word, word (vraag/aanbod) deposito genoem. (2)

4.1.3 Een van die doelwitte van (ASGISA/HOP) is om die behoeftes van mense te bevredig. (2)

4.1.4 Ontwikkelde lande het subsidies bekendgestel om (uitvoere/invoere) van spesifiek hul primêre landbougoedere aan te moedig. (2)

4.2 Noem enige DRIE eienskappe van rykdom. (3 x 2) (6)

4.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SAOK**

SAOK se visie is een van 'n gemeenskaplike toekoms – 'n toekoms binne-in 'n streeksgemeenskap wat ekonomiese welstand, verbetering van lewenstandaarde en kwaliteit van lewe, vryheid en sosiale regverdigheid en vrede en sekuriteit vir die mense van Suidelike Afrika verseker. Hierdie gedeelde visie is geanker in die gemeenskaplike beginsels en die historiese en kulturele ooreenkomste wat bestaan tussen die mense van Suidelike Afrika.

[Aangepas uit www.sadc.int/]

4.3.1 Waarvoor staan die afkorting 'SAOK'? (2)

4.3.2 Noem enige EEN visie van SAOK. (2)

4.3.3 Noem enige TWEE vorme van ekonomiese samewerking en integrasie. (4)

4.3.4 Noem enige EEN doelwit van SAOK. (2)

4.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die onderstaande dokument en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|---|---|---|
| **HDFC BANK** | **BETAALBAAR BY ALLE TAKKE VAN HFDC BPK** | **DATUM: 2009 Okt 11** |
| | **A/C BEGUNSTIGDE ALLEENLIK** | |
| **BETAAL** | **Voorbeeld Betaalmaatskappy** | |
| **RAND** | **Ses-en-veertig duisend Vierhonderd en Vyftig Rand** | **R 46,450.00 ***** |
| **Vir Vivus SMRC Sentrum EDMS BPK** | | |
| **Rek Nr.** | **4032400106** | **HDFC PLUS** |
| **HDFC BANK 725-1 Lughaweweg, Chicalm, Goa** | **HDFC PLUS** **Gemagtigde handtekening** | |
| | **186783 4032400106 002512 29** | |

4.4.1 Verduidelik kortliks 'n 'tjek'. (4)

4.4.2 Noem enige TWEE geld geassosieerde instrumente (tjeks uitgesluit). (4)

4.4.3 Noem EEN soort moderne geld. (2)

4.5 Verduidelik kortliks enige TWEE redes vir die ongelyke verdeling van inkome. (8)

4.6 Verduidelik 'menslike hulpbronne' kortliks as 'n ontwikkelingstrategie. (8)
**[50]**

**VRAAG 5 (LU4) (50 PUNTE – 25 MINUTE)**

5.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Wanneer mense nie in staat is om hul basiese behoeftes te bevredig nie, leef hulle in (absolute/relatiewe) armoede. (2)

5.1.2 Die afskaffing van beperkings soos tariewe en kwotas word na verwys as (handels-/kapitaal-) liberalisasie. (2)

5.1.3 Die regering kan die omgewing beskerm deur die instel van (groen-/blou-) belasting. (2)

5.1.4 ŉ Land het ŉ (absolute/vergelykende) voordeel as dit meer uitsette kan produseer met dieselfde insette as ŉ ander land. (2)

5.2 Noem enige DRIE absolute en vergelykende voordele van globalisasie. (3 x 2) (6)

5.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**<u>Volhoubare energie</u>**

Volhoubare energie is die voorsiening van energie ten einde die behoeftes van mense te bevredig, sonder om die vermoë van toekomstige generasies, om in hul behoeftes te voorsien, in te boet. Dit beteken dat volhoubare energie, energie is wat herproduseer kan word en wat geen langtermyn skade aan die omgewing veroorsaak nie. Uit hierdie definisie is dit duidelik dat alle hernieubare energiebronne volhoubaar is.

[Aangepas uit www.renewables-info.com]

5.3.1 Definieer die begrip '*volhoubare energie*'. (2)

5.3.2 Verduidelik hernieubare bronne kortliks. (4)

5.3.3 Noem enige TWEE voorbeelde van nie-hernieubare bronne. (4)

5.4 **DATA RESPONS**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

| **Globalisasie** |
|---|
| Die idee dat 'globalisasie' toenemende voordele vir almal bring, is onredelik. Dit is duidelik uit die bewyse wat versamel is deur die Verenigde Nasies en die Wêreldbank, dat 85% van die wêreld se bevolking in lande lewe waar ongelykhede oor die afgelope 30 jaar toegeneem het, en waar die lewensstandaard vir ŉ groot aantal mense, in beide die Noorde en die Suide voortgaan om te verswak. |

[Aangepas uit www.globalsolidarity.org]

5.4.1 Definieer die begrip '*globalisasie*'. (2)

5.4.2 Wat verteenwoordig die begrip 'die Noorde en die Suide'? (2)

5.4.3 Noem EEN internasionale instelling, volgens die uittreksel, wat aktiwiteite van lande standaardiseer. (2)

5.4.4 Noem TWEE oorsake van globalisasie. (4)

5.5 Verduidelik 'basiese ekonomiese dienste' en 'voedselskemas' kortliks, as twee voorbeelde van 'voordele in natura' wat die Suid-Afrikaanse regering gebruik om armoede te verlig. (8)

5.6 Bespreek 'vervoer en kommunikasie' as ŉ oorsaak van globalisering. (8)

**[50]**

## VRAAG 6 (LU1 EN LU2) (50 PUNTE – 25 MINUTE)

6.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Die (entrepreneur/arbeid) onderneem die risiko's in produksie. (2)

6.1.2 Geboue, masjinerie en toerusting is voorbeelde van (tasbare/ontasbare) bates. (2)

6.1.3 Rentekoers is ʼn (monetêre/fiskale) beleidsinstrument. (2)

6.1.4 Suider-Afrika lande wat vrede en ʼn geïntegreerde streeksekonomie verlang, staan bekend as (SAKU/SAOK). (2)

6.2 Noem die DRIE doelstellings van die SA regering se inmenging in die ekonomie. (3 x 2) (6)

6.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die gegewe tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| Toekenning van hulpbronne vir sosio-ekonomiese dienste | |
|---|---|
| R24,6 miljard | Om provinsiale gesondheid en onderwys te verhoog |
| R4,1 miljard | Uitgebreide Openbare Werke Program |
| R4 miljard | Skoolvoeding |
| R6,4 miljard | Openbare vervoer-, spoor- en pad infrastruktuur |
| R1 miljard | Streeks grootmaat-water infrastruktuur |
| R600 miljoen | Munisipale gratis basiese dienste |
| R3,7 miljard | Om die voorsiening van behuising te verhoog |
| R932 miljard | Behandeling en voorkoming van MIV/Vigs |
| R12 miljard | Sosiale toelaes |

[Aangepas uit www.statssa.gov.za]

6.3.1 Watter departement, volgens die tabel, ontvang die grootste toekenning van hulpbronne? (2)

6.3.2 Benoem die gesagstruktuur wat verantwoordelik is vir die voorsiening van sosiale dienste in Suid-Afrika. (2)

6.3.3 Noem TWEE ekonomiese dienste wat die kwaliteit van mense se lewens kan beïnvloed. (4)

6.3.4 Noem EEN gratis basiese diens wat arm mense ontvang. (2)

6.4 **DATA RESPONS**

Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**SARB laat repo koers onveranderd op 5,5%**

JOHANNESBURG, SUID-AFRIKA, 22 Sep 2011

[Aangepas uit *'Mail & Guardian online'*]

6.4.1 Benoem die sentrale bank van SA. (2)

6.4.2 Noem DRIE basiese funksies van die sentrale bank. (6)

6.4.3 Noem EEN monetêre beleidsinstrument. (2)

6.5 Verduidelik kortliks enige TWEE soorte ekonomies gemarginaliseerde groepe. (8)

6.6 Bespreek 'MIV/Vigs' as 'n striemende faktor vir ekonomiese groei. (8)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**

**AFDELING C** (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.)

Opsteltipe vrae:

- Behoort uit ŉ inleiding, inhoud en slot te bestaan.
- 5 PUNTE sal toegeken word vir die inleiding en die slot.
- Addisionele 5 PUNTE sal toegeken word aan die interpretasie van die onderwerp.
- ŉ Maksimum van 40 PUNTE sal toegeken word aan die inhoud.

**VRAAG 7 (LU1 AS1)**

**OPSTELTIPE VRAAG**

Ontleed die eienskappe en belangrikheid van entrepreneurs in die ekonomie. **[50]**

**VRAAG 8 (LU2 AS1)**

**OPSTELTIPE VRAAG**

Verduidelik in detail die kenmerke van ŉ volmaak mededingende mark en sluit jou opstel af deur kortliks die redes vir onvolmaakte markte te verduidelik. **[50]**

**VRAAG 9 (LU3 AS2)**

**OPSTELTIPE VRAAG**

Verduidelik ten volle die eienskappe van ontwikkelende lande. **[50]**

**VRAAG 10 (LU4 AS4)**

**OPSTELTIPE VRAAG**

Skryf ŉ gedetailleerde opstel oor die oorsake en uitwerkings van armoede. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 100**

**GROOTTOTAAL: 300**